



# MIDBRAKBELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE

### **MIDBRAKBELASTINGBETALERSVERENIGING – UITVOERENDE KOMITEEVERGADERING 3 / 2022**

GEHOU OP WOENSDAG 1 JUNIE 2022 - 18:00 (Reebok Gemeenskapsaal)

#### **1. VERWELKOMING**

George Nezar, Waarnemende Voorsitter heet almal teenwoordig welkom.

#### **2. OPENING**

George open die vergadering met gebed.

#### **3. PRESENSIE**

Uitgenooide Raadslede, te wete Anton Dellelijn en Annatjie Jv Rensburg, word ook welkom geheet. Geen ander munisipale amptenare is teenwoordig nie.

#### **4. KONSTITUERING / KWORUM TEENWOORDIG**

Aangesien daar slegs 18, i.p.v. 25, inwoners teenwoordig is, is daar nie 'n kworum teenwoordig nie en kan die vergadering dus nie as wettig gekonstitueer word nie. Almal teenwoordig stem egter saam dat daar voortgegaan moet word met die verrigtinge, veral om area komiteede te kies. Diegene wat hulself beskikbaar stel kan dan vergader en by volgende vergadering bekragtig/bevestig word as uitvoerende komiteede.

#### **5. VASSTELLING VAN AGENDA**

##### **5.1 VASSTELLING VAN AREAS VIR VERKIESING VAN KOMITEE**

5.1.1 George maak die areas wat bedien moet word bekend. Raadslid Anton help met hierdie proses.

##### **5.2 PLIGSTAAT VAN KOMITEELEDE**

5.2.1 Cecil Barry, in samewerking met Sollie Grobler is besig om 'n basiese raamwerk van pligte op te stel. Hy onderneem om dit wat beskikbaar is aan George te stuur, vir verspreiding aan gekose lede. Lede moet daarna kyk en met voorstelle/wysigings vorendag kom. Dit sal help dat elkeen weet wat van hom of haar verwag word.

##### **5.3 NOMINASIES EN VERKIESING VAN KOMITEELEDE**

5.3.1 Die volgende lede stel hulself beskikbaar om in die onderskeie areas, soos teenoor hul name aangedui, te funksioneer:

RIVERSIDE	
KLEINBRAKRIVIER	PIETER LE ROUX
POWERTOWN	
FRAAIUITSIG	FRIK NEL PIETER DU PLESSIS
TERGNIET	JOHAN SPIES

REEBOK: NOORD VAN SPOOR	SOLLIE GROBLER MICHELLE SMITH
REEBOK: SUID VAN SPOOR	CECIL BARRY EDDIE DU PLOOY
REEBOKRIF: WILDEPERSKE, ROOIBOKLAAN TOT BY TSESSEBELAAN (WES) TUSSEN R102 EN IMPALAWEG	LOOD DE KLERK GERT PRETORIUS
REEBOKRIF: WILDEPERSKE, ROOIBOKLAAN TOT BY TSESSEBELAAN (OOS) TOT BY WAG 'N BIETJIE. TUSSEN R102 EN IMPALAWEG	ERIC MARAIS KAREL GROVÉ
REEBOKHOOGTE/TERGNIETHOOGTE	GEORGE NEZAR RENÉ BONGERS GERHARD KOORTZ
GROENKLOOF REEBOK VILLAGE ESTATE	
DE LANGE UITBREIDING	ANN PRETORIUS
BUURTWAG	FRIKKIE RHEEDER
BEWAREA	ROBIN FICK

#### 5.4 VERKIESING VAN VOORSITTER, O/VOORSITTER, SEKRETARIS/-ESSE, TESOURIER.

Lood de Klerk word as Voorsitter gekies vir hierdie vergadering.

Hy bedank die lede vir die vertrouwe wat in hom gestel word.

Aangesien daar geen nominasies vir Ondervoorsitter, sekretaris of Tesourier was nie, staan dit oor tot volgende vergadering en lei hy die vergadering as tussentydse voorsitter.

#### 5.5 SAKE VIR BESPREKING:

- **Plant van bome op sypaadjies.**

Cecil Barry wil weet wat die jongste posisie hieroor is. In die verlede kon daar die Munisipaliteit gevra word vir bome om te plant. Die vraag is egter wie dit sal versorg. Francois Niewenhuizen by die Munisipaliteit is die aangewese persoon om te nader sover dit die soorte bome wat beskikbaar is en geplant behoort te word. Die voorwaarde is egter dat die publiek dit moet versorg. Daar word versoek dat die Munisipale kantore gekontak word om vas te stel wat die regulasies, ens. hieromtrent is.

Robin Fick maak melding dat sover hy weet behoort die bome ten minste een meter uit mekaar te wees. Rdl Annatjie stel voor dat Robin deel van die bestuur van boombepanning behoort uit te maak.

Cecil is van mening dat die aanplant van bome op versoek van huiseienaars moet wees. Daar is glo verskeie bome by munisipaliteit beskikbaar en kan verkieslik d.m.v. e-pos met hulle gekommunikeer word. Steeds is die mening dat die huiseienaars/belastingbetalers trots is op hul omgewing en graag die dorp wil verfraai. Komiteelede ondersteun hierdie projek.

- **Stormwater kwessie.**

Cecil bring die nuwe komiteelede op hoogte waarom hierdie punt op agenda is. Dit hou verband met destyds toe gebiede se stormwaterinfrastruktuur nie die baie water kon hanteer nie en daar skade aan selfs paaie aangerig is. Hierdie aangeleentheid behoort weer met die Munisipale Bestuurder opgeneem te word. Volgens Cecil het Altus Eitner destyds beweer dat ten minste 70% van Mosselbaai nie

voldoende stormwater infrastruktuur het nie. Anton is van mening dat daar kundiges by Munisipaliteit aangestel behoort te word om eienaarskap hiervan te neem.

Daar is versoek dat elke areaverteenwoordiger binne sy/haar gebied na leemtes sover die stormwaterkwessie kyk en 'n verslag aan die nuut gekose voorsitter stuur. **Hou op agenda vir verder bespreking.**

- **Paddtekens in die Spoorreserwe - Sluit ook voorstel oor tweeledige ooreenkoms tussen Transnet en andere in.**

Cecil Barry: Sukkel jare om betonblokke te kry. Stop- en ander verkeerstekens nie oral by spooroorgange sigbaar nie. Daar moet onthou word dat dit Transnet se jurisdiksie is en dit wat binne hulle reserwe is, het Munisipaliteit geen beheer oor nie. Cecil is steeds van mening dat indien daar byvoorbeeld 'n ongeluk gebeur, omrede daar nie voldoende of sigbare padtekens is nie, sal die vraag wees - wie die aanspreeklike is of sal wees. Cecil is van mening dat daar iets soos 'n tweeledige of selfs drieledige ooreenkoms opgestel behoort te word tussen organisasies soos Transnet en die Munisipaliteit om spooroorgange en kwessies rakende dit te bestuur en te monitor. Daar is 'n gevoel dat die Munisipaliteit die eerste linie is vir diensverskaffing en dat die vereniging slegs sy behoeftes en probleme met en deur ons raadslede te kommunikeer. **Hou op agenda.**

- **Plasing van molloks in plek van vullishokke.**

Volgens George was daar 'n versoek van belastingbetalers oor die plasing van iets soos molloks op strategiese plekke ten einde die probleem op te los waar ten minste swart sakke met kombuis en ander vullis geplaas kan word. Na verskeie insette van verskillende persone het Rdl Annatjie voorgestel dat die aangeleentheid moet oorstaan tot volgende vergadering. Intussen kan huiswerk gedoen word en voorstelle kan ingewag word. Daar word selfs voorgestel dat na verskillende "SKIPS" gekyk kan word om herwinning aan te wakker. Die probleem is egter groot en ondersoek na oplossings behoort gevind te word. Areaverteenwoordigers word ook versoek om binne hul gebied te kyk na algemene rommelstorting en indien enige, moet dit onverwyld aan die Voorsitter gekommunikeer word. Daar kan selfs gekyk word na die moontlikheid dat daar gevra word om hieroor in die Munisipale Nuusbrieff te skryf. **Staan oor.**

- **Sandmyn in Fraaiuitsig-gebied - Portion 33 of the farm Klipheuvel 143**

Voorsitter wil weet hoe die werksaamhede gemonitor gaan word. George gee bietjie agtergrond hieroor. Die gebied is deel van die Robertson's se plaas. Hulle oes glo bogond. Die boer kan dit verkoop of hergebruik. Dit bly egter landbougebied en die boer kan later weer hergebruik om byvoorbeeld daar te plant. Rdl Anton deel die vergadering mee dat daar streng wetgewing bestaan en indien daar nie aan wetgewing voldoen word nie, sal Munisipaliteit ingryp. Enige lid van die publiek het egter die reg om die appèlroses te volg indien iets ongewens voorkom.

## **6. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE – BESPREKINGSPUNT:**

### **BESPREKING VAN RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSPLAN: MNR JACO ROUX**

Daar is geen notule van hierdie vergadering wat op 4 Mei 2022 plaasgevind het, gehou nie. Dit was 'n gewone inligtingsvergadering vir die belastingbetalers. Al wat wel genoem behoort te word is dat hierdie sessie baie goed deur lede bygewoon is.

## **7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**

- **IMPALAWEG 82**

Hier gaan dit oor padresewes wat oorskry is. Blykbaar het eienaar gehoor gegee maar nie volgens voorskrifte gefinaliseer nie. Rdl Anton sal opvolg.

- **IMPALAWEG 84**

Hier gaan dit ook oor padresewes wat oorskry is. Rdl Anton sal opvolg en verslag gee.

- **GRYSBOKLAAN 83**

Hier is halfgeboude strukture wat al jare so staan. Volgens Anton was daar hofsaak waar besluit is dat die strukture afgebreek moet word. Volgens George dra die eienaar nie kennis dat strukture afgebreek moet word nie. Saak word deur Rdl Anton opgevolg.

## **8. AANVULLENDE AGENDA EN NUWE SAKKE VIR BESPREKING**

(i) Pligstaat – Cecil – Sien 5.2

(ii) Slote wat gegrawe word om voorsiening vir internet/"fibre" kables ens. te maak. Die vraag is hoeveel verskaffers gaan nog slote op huiseienaars se sypaadjies grou. Blykbaar is daar slegs twee wat toestemming het – Telkom is een. Hulle het nasionale mandaat.

(iii) **MBBV-finansies:** George stel voor dat daar ernstig besin behoort te word om te sorg dat daar 'n tesourier/ sekretaris aangestel moet word sodat hulle handtekenmagte kry om die vereniging se geldsake te bestuur. Hy is tans enigste oorblywende persoon wat handtekenmagte het. Die banksaldo staan tans op ongeveer R12 000. Die kleinkassaldo is tans R1 247.10.

(iii) **Buurtwag:** Frikkie Rheeder doen verslag. Inbrake by huise neem toe. Dit kan toegeskryf word aan bouaktiwiteite, fibre voorsiening, ens. Enigeen kan in strate rondloop en kan as gewone publiek beskou word. alles dra by tot verhoogde misdaad. Sondae en Woensdae is volgens statistiek die gewilde dae vir inbrake. Inbrekers stel in TV's, elektroniese toerusting, selfone, ens. belang. Ongeveer 57% van alle eiendomme het nie alarms of diefwering om te beskerm nie. Ongeveer 80% inbrake is gewone inlope, waar deure sommer oopstaan en die eienaars nie daar is nie. Verder word daar weer 'n beroep gedoen dat huiseienaars nommers op hul huise aanbring. Dit is in hulle eie belang omdat dit sal bydra om, in geval van nood, te presiese plek maklik te kry.

Voorsitter bedank die Buurtwag vir hul onbaatsigtige werk.

(iv) **Bewarea:** Robin Fick doen verslag. Parke is skoon. Rommelstrooiing bly algemene probleem- selfs inwoners maak hulle hieraan skuldig. Hier is 'n inligting- en opvoedingsprojek nodig. Indringerplante/Rooipitjie bome word beheer en uitgekap waar nodig. Daar is wel rondlopers, maar buurtwag kyk ook daarna. Groot dank vir hul betrokkenheid.

Voorsitter bedank ook Bewarea vir hul onbaatsigtige werk.

## **9. TOEKOMSTIGE SPREKERS VAN MUNISIPALITEIT:**

Publieke sprekers sal genooi word.

## **10. MUNISIPALE KONTAKNOMMERS: SMS nr 44802**

**Skakelbord - 044 606 5000**

**Elektriese dienste – 044 606 5082**

**Paaie en Stormwater – 044 606 5282**

**Water en Riool - 044 606 5282**

**Na-Ure – bv kragonderbrekings - 044 606 5000  
3722**

**Nooddienste na-ure - 044 606 5107**

**Finansies - 044 606 5009**

**Voorsienings dienste – 044 606 5192**

**Brand- en Rampbestuur – 044 691**

**Stadsbeplanning - 044 606 5073**

**11. INDELING VAN PORTFEULJES.** (Sodra vakante poste gevul is sal verantwoordelikhede van lede herbepaal word).

### **1. Sekretariaat**

Regsdienste, Facebook, WApp, Webtuiste pubs	
Admin Dienste	(Sekretaresse)
Verenigingbestuur, Media skakel	
Webtuiste	Klaus Oellrich (kennisname)

**2. Kooperatiewe dienste/GOP Proses**

Wyk 5	
Wyk 4	

**3. Ekonomiese ontwikkeling**

Bewarea- Land, Kus en Kleinbrak rivier stelsel	<b>Robin Fick (kennisname)</b>
Kleibrak Rivierforum	
Dorp en streeksbeplanning en Ontwikkeling	

**4. Infrastruktuurdienste (Tegnies&Geïntegreerde)**

Water	
Riool	
Paaie en Stormwater	
Elektriese Dienste & Afvalverwydering	

**5. Gemeenskapsdienste**

Veiligheid & Rampbestuur	<b>Frik Rheeder(Buurtwag)</b>
Skoonmaak van Erwe & Groengordels	

**12. AFSLUITING:**

Bespreking volg om te bepaal watter tyd vir die meeste lede geleë sal wees. Hou werkende lede in gedagte. Almal is gemaklik met 18:00.

Die vergadering word afgesluit en verdaag om 20:02

**13. Volgende vergadering:**

**Woensdag 6 Julie 2022 om 18:00**

Notule goedgekeur: **G A Nezar**



**VOORSITTER: UITVOERENDE KOMITEE: MIDBRAKBELASTINGBETALERS VERENIGING**

**Sekondant: ALGEMEEN AANVAAR**